# SELFS SUPERMODELLE MOET SOMS RUS

OOGAPPEL

KARIN BURGER
Kaapstad

Wat is die ideale verjaardag van 'n supermodel?

"Om dit saam met jou familie en vriende in jou geboorteland te vier," sê Nicola Breytenbach nadat sy verlede Woensdag haar 28ste geboortedag in die Moederstad herdenk het.

Haar ouers en jonger broer, wat in Oostenryk bly, asook haar oudste broer wat in Holland woon én haar Amerikaanse vriend, Ben Steiner, het in die feesvieringe gedeel.

Dié model, oorspronklik van Durban, het reeds op 17 November in Kaapstad aangekom, waar sy tot 20 Desember met fotosessies besig was. Daarna was dit 'n welverdiende ruskans oor die Kerstyd in Jeffreysbaai. Sy het weer Vrydag amptelik begin met nog fotosessies in die Kaap voordat sy weer op 16 Januarie vertrek.

Nicola, wat reeds op 13 na Europa verhuis het om 'n modelloopbaan te begin, het vyf jaar lank in New York gewoon voordat sy die laaste drie jaar in Londen gaan nesskop het.

As sy nou op die vliegtuig klim, is dit om haar weer in New York te vestig.

"Ek mis Suid-Afrika en sy mense verskriklik baie wanneer ek oorsee is, maar New York is waar die beste geleenthede vir my loopbaan nou is."

Sy is verbonde aan Donald Trump se modelagentskap, Trump Models (voorheen T Models), en was ook in twee episodes van sy TV-reeks *The Apprentice* te sien.

Nicola vertel sy geniet haar modelwerk nou meer as ooit tevore, juis omdat sy reeds van die grootste kontrakte losgeslaan het en daar nie nou enige druk op haar is nie. Sy was onder meer twee jaar lank die gesig van Revlon.

Gevra oor Nuwejaarsvoornemens, sê sy sy droom al lank van 'n eie swemdrag-reeks.

"Ek reis altyd met 'n groot tekenboek by my waarin ek sketse maak. Ek het baie idees, maar moet nou my eie styl kry," vertel sy.

Sy sal self die ontwerpe behartig, en spot deur te sê die moeilikste van die hele projek is om 'n naam vir die reeks te vind.

Met haar liefdeslewe gaan dit ook weer klopdisselboom. Sy en die Amerikaanse sakeman Ben Steiner (27) is sedert Oktober weer bymekaar nadat hulle die verhouding in November 2004 laat vaar het. "Ek en Ben was teen daardie tyd al ses jaar bymekaar. Dit was moeilik, want hy het in New York gewoon en ek in Londen."

Daarna is haar naam romanties gekoppel aan die naam van die Olimpiese swemheld Ryk Neethling.

"Ek ken Ryk vandat ek twee jaar oud was en ons gesinne is goeie vriende. Ons het saam besluit 'n verhouding gaan nie werk nie.

"Ryk is steeds 'n goeie vriend, maar ek's gelukkig om weer by Ben te wees!"

Ben se familie besit die groot Amerikaanse maatskappy Fairchild Corporation, wat beskermende klere vervaardig.

Nicola is baie opgewonde dat sy nou in dieselfde stad as Steiner gaan woon.

Oor trouplanne lag sy net geheimsinnig. "Ek dink so, maar ek wag vir hom."

**SUPER-SEXY: Die Suid-Afrikaans gebore model Nicola Breytenbach was vir 'n blaaskans in haar geboorteland om haar 28ste verjaardag saam met haar familie en vriende te vier.**
Foto: SHARIEF JAFFER